
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 21: 20 Junie 2025



**BELANGRIKE INLIGTING:**


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Speletjiesdag | Bl. 7 |



# Uit die kantoor

- Tydens die Vrystaat skole netbalkampioenskap die afgelope naweek het Oranje se o. 13A-netbalspan ‘n tweede plek behaal en die o. 12A-netbalspan ‘n derde plek. Veels geluk aan elke dogter, mev. Natasja Geyer (o. 13-afrigter), mev. Chandriné Jones (o. 13-spanbestuurder), mev. Marida Myburgh (o. 12-afrigter) en mev. Celeste Viljoen (o. 12-spanbestuurder) met die puik prestasies. Oranje is ongelooflik trots op julle!
- Die o. 13A-netbalspan gaan volgende kwartaal aan die Suid-Afrikaanse netbalkampioenskap in Polokwane deelneem.
- Die laaste landloopliga vir die kwartaal het verlede Vrydag plaasgevind. Uitslae op bladsy 5.
- Die eksamen gaan voort tot Dinsdag, 24 Junie.
- Middagstudie gaan volgende week normaal voort tot Donderdag, 26 Junie.
- Op Vrydag, 27 Junie, sluit die skool om 10:00.
- Baie dankie aan die graad 7C-ouers wat verlede week die Vadersdagverkope behartig het. Oranje waardeer al julle moeite.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 20 Junie: | IF Eksamen |
| 23 Junie: | IF Eksamen |
| 24 Junie: | IF Eksamen |
| | Voedselprojek Gr. 2B |
| | Speletjiesdag 10:00 - 12:00 |
| 26 Junie: | Voedselprojek Gr. 2C |
| 27 Junie: | Skool sluit 10:00 |
| | Netbal: VS Netbal Oefenkamp |
| 28 Junie: | Netbal: VS Netbal Oefenkamp |
| | Hokkie: o. 13A en -B IPT |
| 29 Junie: | Netbal: All Ages Netbal o. 12 en o. 13, Gauteng |
| | Hokkie: o. 13A en -B IPT |
| 30 Junie: | Juf. Rianke verjaar |
| | Netbal: All Ages Netbal o. 12 en o. 13, Gauteng |
| | Hokkie: o. 13A en -B IPT |
| 1 Julie: | Netbal: All Ages Netbal o. 12 en o. 13, Gauteng |
| | Hokkie: o. 13A en -B IPT |
| 2 Julie: | Netbal: All Ages Netbal o. 12 en o. 13, Gauteng |
| | Hokkie: o. 13A en -B IPT |
| 4 Julie: | Tannie Corlia verjaar |
| 6 Julie: | Hokkie: o. 12 IPT |
| 7 Julie: | Hokkie: o. 12 IPT |
| 8 Julie: | Hokkie: o. 12 IPT |
| 9 Julie: | Juf. Melienke verjaar |
| | Hokkie: o. 12 IPT |
| 16 Julie: | Juf. Linda verjaar |
| | Hokkie: o. 13A Menloparktoernooi |
| 17 Julie: | Hokkie: o. 13A Menloparktoernooi |
| 18 Julie: | Juf. Rochelle verjaar |
| | Hokkie: o. 13A Menloparktoernooi |
| | o. 12A&-B,o. 13B Elsie Coetzer hokkietoernooi |
| 19 Julie: | Hokkie: o. 13A Menloparktoernooi |
| | o. 12A&-B,o. 13B Elsie Coetzer hokkietoernooi |
| 20 Julie: | Hokkie: o. 12A&-B,o. 13B Elsie Coetzer hokkietoernooi |
| 22 Julie: | Skool open |

# Netbal

Op Vrydag, 13 Junie, was dit die Vrystaat Netbalkampioenskap in Bloemfontein, by Onze Rust. Die o.12- en o.13- netbalspanne het die geleentheid gehad om te kompeteer teen die beste spanne in die Vrystaat, wat wenners in hulle onderskeie streke was.

Die dogters het baie goeie netbal deur die loop van die dag gespeel. Gedurende elke wedstryd het hulle hul beste gegee en Oranje baie trots gemaak.

Albei spanne het 4 wedstryde in hulle poel gespeel voordat die semi'sen finale gespeel is.

Die o.13-span het 'n 2de plek behaal en 'n silwer medalje ontvang. Die o.12-span het 'n 3de plek behaal en die brons medalje verower.

Dankie aan die dogters, ouers en afrigters wat 'n groot passie vir netbal het! Dankie aan die ouers en ondersteuners langs die veld wat die dogters positief aangemoedig het. Sonder julle ondersteuning sou Oranje nie so 'n groot verskil kon maak nie.

Uitslae van die dag:





| | | |
|---|---|---|
| Poelwedstryde: | | |
| o.13 | | |
| OMS vs Dagbreek | Wen | 19-8 |
| OMS vs Vaalpark | Wen | 15-1 |
| OMS vs Fichardtpark | Wen | 19-10 |
| OMS vs Truida Kestell | Wen | 23-11 |
| o.12 | | |
| OMS vs Welkom Volkskool | Wen | 18-6 |
| OMS vs Parys | Wen | 18-7 |
| OMS vs Koppie Alleen | Wen | 13-3 |
| OMS vs Jordania | Verloor | 9-14 |
| Semifinaal: | | |
| o. 13: OMS vs Koppie Alleen | Wen | 20-5 |
| o. 12: OMS vs PBS | Verloor | 11-13 |
| o. 13: FINAAL: | | |
| OMS vs Universitas | Verloor | 12-13 |
| o. 12: Speel uit vir 3 of 4de plek: | | |
| OMS vs Vaalpark | Wen | 8-5 |

Weereens baie geluk aan die spanne. Julle gedrag op en af van die veld was puik.

Die o.13-span gaan nou aan die SA Kampioenskap deelneem gedurende die naweek van 24 tot 26 Julie 2025. Baie sterkte vir die voorbereiding!

# Tennis

Genevieve Goodchild is vir die IPT SA Skolespan gekies. Hulle toer van 26 Junie tot 4 Julie na London. Die span gaan deelneem aan twee vriendskaplike wedstryde by clubs in London en daarna tennis op Wimbledon kyk.

Baie Geluk Genevieve en sterkte.






# Sport




# Dans

Denise Breytenbach is ingesluit in drie Suid-Afrikaanse dansspanne, waar sy haar Proteaklere veelvoudig ontvang.

Sy neem op 19 Junie 2025 in Grodzisk Mazowicki, Poland, deel aan die IDO Disco Dance World Championship en op 21 Junie 2025 aan die IDO Disco Slow Dance World Championship, beide in die onder 12 kategorie.

Van daar vertrek sy na Blackpool, England, waar sy in die World Freestyle Championship gaan deelneem in World Champs Freestyle solo vir dogters onder 12, waar sy tans 1ste in Suid-Afrika gerang is, asook aan Slow Dance World Championship en in 'n Freestyle Championship formasiegroep.

Op 2 Julie land sy weer in Suid-Afrika en vertrek dadelik na Sun City Om in die Battle of the Giants, IDO African Championship deel te neem in Disco Dance Solo, Disco Slow dance solo, Disco Duo, Hip Hop Solo, Hip Hop Duo en Street Dance Show Duo.

Skylé-Anne Janse van Rensburg het op 14 Junie deelgeneem aan die Legends Are Made danskompetisie en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| 12 jaar en jonger Disco Slow Dance Champ | 4de |
| 12 jaar en jonger Disco Solo Champ | 5de |
| 12 tot 13 jaar Solo Champ | 6de |
| 12 tot 13 jaar Slow Dance Champ | 6de |

# Landloop

Die volgende dogters het op Vrydag, 13 Junie deelgeneem aan die 6de landloopliga en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| o. 8 | |
| Aila Cilliers | 1ste |
| Leah Venter | 3de |
| Skye Futter | 10de |
| Mikali van der Schyff | 12de |
| Ava Goosen | 14de |
| Laila Winter | 23ste |
| Denise Harmse | 25ste |
| Annabelle Groeneveld | 33ste |
| Lukah Swartz | 34ste |
| Anné Grobler | 36ste |
| Leah Winter | 37ste |
| o. 9 | |
| Mianė Wessels | 2de |
| Lara Goosen | 10de |
| Lara van Viegen | 13de |
| o. 11 | |
| Lea Cilliers | 1ste |
| Z'Ney Piechaczek | 4de |
| Tené Venter | 6de |
| Marlé Verster | 10de |
| o. 12 | |
| Ariana de Wet | 5de |
| Carinke Wessels | 8ste |
| Aruana van der Westhuizen | 19de |
| o. 13 | |
| Munay Uys | 6de |
| Ella van Viegen | 7de |
| Winley van Greunen | 14de |

# Drama

Mia en Emma Jacobs het albei vanjaar deelgeneem aan die International English Speech Art and Drama Competition. Dit is 'n internasionale aanlyn spraak-en-drama kompetisie wat vanuit Brittanje aangebied word. Hulle presteer soos volg:

Mia Jacobs
Public Speaking Intermediate Group 88%
Sy is ook aangewys as "Champion" (eerste plek) in dié afdeling met haar toespraak getiteld: "Helicopter Parents Should Be Banned".

Emma Jacobs
Poetry Intermediate Group 93% (Goud)
Hulle is albei aangewys as "Champion" (eerste plek) in die onderskeie afdelings waarin hulle deelgeneem het.

As pryswenners kwalifiseer hulle vir 'n beurs ter waarde van 1 000 Britse pond om saam met leerders van regoor die wêreld aan 'n somerprogram in Engels aan die Universiteit van Oxford se International Study Centre (OISC) deel te neem.

# Algemeen

# Vadersdag

Vanaf 9-12 Junie was daar Vadersdagverkope in die sportlokaal. Hier was verskeie produkte te koop om pappa en oupa te bederf.

Dankie aan die graad 7C-ouers wat hierdie verkope behartig het! Oranje waardeer julle moeite.

Ons hoop al die pappas en oupas was lekker bederf op Vadersdag!!


















C&N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

# SPELETJIESDAG

## DINSDAG, 24 JUNIE 2025

BRING BAIE GELD EN KOM GENIET DIE SPELETJIESDAG SAAM MET ORANJE.

WIE: ALLE GRAAD 1-7 ORANJE DOGTERS
TYD: 09:30 - 11:45
WAAR: ONDERSTE HOKKIEVELD
DRAG: SKOOLSWEETPAK

BETAAL SLEGS R2 OM AAN 'N SPELETJIE DEEL TE NEEM! DAAR GAAN 'N VERSKEIDENHEID SPELETJIES AANGEBIED WORD.





# Gedagte vir die week

Vaders, laat voetspore vir julle kinders na!

Daar is 'n verhaal van 'n man in 'n kruidenierswinkel wat 'n trollie met 'n skreeuende baba gestoot het. Hy het saggies herhaal: 'Bly kalm, George. Alles gaan oukei wees, George.' 'n Dame wat met bewondering toegekyk het, het vir die man gesê: 'Jy moet vir jou geduld om klein George te probeer stilmaak, geloof word.' Die man het geantwoord: 'Dame, jy het dit verkeerd; ek is George!'

As jy 'n ouer is, kan jy hiermee identifiseer. In plaas daarvan om te lees: 'Pa's, julle moenie julle kinders kwaad maak nie,' voel dit soms of die Skrif moet lees: 'Kinders, moenie julle pa's se siele versondig nie.' Dit doen egter nie. Ouers is geroep om 'n voorbeeld van God se liefde te wees en kinders leer die beste deur waarneming. Inkopies by die kruidenierswinkel is 'n geleentheid om jou kinders die regte manier van optrede, te wys. Daar is geen groter rolmodel vir kinders as 'n ouer nie. Daar was ook nog nooit 'n groter behoefte aan godvrugtige ouers as vandag nie. Kolossense 3:21 sê: 'Ouers, moenie aanhou foutvind met julle kinders nie sodat hulle nie moedeloos word nie' (NLV). Dit beteken dat jy 'n model van geduld en liefde vir jou kinders moet wees.

Ouers word deur God in plek gestel om 'n instrument te wees wat die leerstellings van die Bybel in 'n lewende getuie vir hul kinders kan omskep. In 'n tyd wanneer ons 'n hoë prys weens die gebrek aan regte vaders in die huis betaal, herinner die Skrif ons: '...Vaders moet hulle kinders van u getrouheid vertel' (Jesaja 38:19 NLV).

Pa, wy jouself daaraan toe om die Here te volg en voetspore vir jou kinders waarin hulle kan loop, na te laat.

*~ Bob & Debby Gass ~*
*Radiokansel*

## Lief en leed

Ons dink aan juffrou Celeste en haar familie met die afsterwe van haar ma.

## Lief en leed

Ons dink aan Boipelo Sesedinyane en haar familie met die afsterwe van haar oupa.




# Advertensies